



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Voorgraadse Assesseringsreëls

**FAKULTEIT EKONOMIESE EN
BESTUURSWETENSKAPPE**

Voorheen bygewerk:
30 Januarie 2023

INHOUD

1	Inleiding.....	2
2	Punte en assesseringsterminologie.....	2
2.1	Algemene assesseringsterminologie.....	2
2.2	Tipes punte wat op SUNStudent aangeteken word.....	3
2.3	Tipes punte wat nie op SUNStudent aangeteken word nie	5
3	Toelaatbare assesseringsreëls.....	6
4	Berekening van finale punte	6
4.1	Algemene bepalings.....	6
4.2	Finale punt vir semestermodules.....	7
4.3	Finale punte vir jaarmodules	8
4.4	Beperkings op gewigte in die formules van finale punte.....	10
4.5	Slaagvereistes	11
5	Gebruik van en toegang tot assesserings.....	11
6	Inligting op SUNLearn en in moduleraanwerke	12
7	Dekaansvergunningsassesserings	13
8	Ander Fakulteitspesifieke reëls	13
8.1	Werk wat deur elke assessering gedek word.....	13
8.2	A2/A2S2- en A3-assesserings wat uit meer as een assesseringssessie bestaan	13
8.3	Aantekene en verspreiding van punte.....	14
8.4	Veilige bewaring van nagesiene antwoordskrifte	14
8.5	Herberekening van finale punte en die herevaluering van A2, A2S2 en A3 antwoordskrifte	15
8.6	Riglyne vir strafmaatreëls vir laat inhandiging.....	15
8.7	Moderering	15
8.8	Kopiereg op vraestelle	16
	Bylaag A: 'n verwysingsgids vir die US Assesseringsreëls in die algemene kalender (Deel 1)	17

1 INLEIDING

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) onderskryf die Universiteit Stellenbosch se Asseseringsbeleid en die hoofstuk oor Asseserings en Promosies in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Jaarboek. Die universiteitswye asseseringsreëls wat in Deel 1 van die Jaarboek verstrek word, is vanaf 2023 op asseserings in alle voorgraadse en nagraadse modules van toepassing en hierdie reëls vervang die vorige eksamen- en buigsame asseseringstelsels. **Let daarop dat hierdie dokument nie al die reëls en beginsels in die Jaarboek en Asseseringsbeleid herhaal nie. Hierdie dokument moet dus saam met die volgende gelees word: die hoofstuk oor Asseserings en Promosies in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Institusionele Jaarboek – in hierdie dokument word daarna verwys as US-asseseringsreëls – sowel as die US-asseseringsbeleid.**

Hierdie dokument verstrek die asseseringsreëls wat van toepassing is op die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en in die besonder op voorgraadse modules wat deur een van die departemente in hierdie Fakulteit gehuisves word. Die Fakulteit se asseseringspraktyke is onderhewig aan die US-asseseringsreëls en aan die reëls wat in hierdie dokument verstrek word en wat in ooreenstemming is met die beginsels en bepalinge van die US-asseseringsbeleid. Alle voorgraadse modules wat deur die Fakulteit aangebied word, moet hierdie asseseringsreëls nakom. Geen ongewone asseseringsreëlins sal in EBW goedgekeur word nie.

Die EBW Voorgraadse Asseseringsreëls is nie van toepassing op asseserings van EBW se nagraadse modules nie. Die assesering van nagraadse programme val grootliks binne die outonomie van die departemente/skole; dus word dit so deur die EBW Nagraadse Asseseringsreëls weerspieël. Verder word die assesering van meestersgraadtesis en doktorsale proefskrifte nie hier of in die EBW Nagraadse Asseseringsreëls bespreek nie, maar in die hoofstuk met die titel "Nagraadse kwalifikasies" in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Jaarboek en in Deel 10 (fakulteitsjaarboek).

2 PUNTE EN ASSESERINGSTERMINOLOGIE

Verwys asb. na die US-asseseringsreëls vir definisies van die tipe vakke en modules (bv. semester- en jaarmodule) en die asseseringstydperke.

2.1 Algemene asseseringsterminologie

2.1.1 Finale punt (FP)

Die finale punt reflekteer die algehele, uiteindelijke prestasie van 'n student in 'n module, behalwe in die geval van "bevredigend voltooide modules" (soos gedefinieer in die US-asseseringsreëls).

Geldige finale punt: Kyk na paragraaf 4.5.2.

2.1.2 Ooreenstemmende assesserings in jaarmodules

Wanneer verwys word na A1, A2 en A3 is die ooreenstemmende assesserings in jaarmodules A1S1, A2S1, A1S2, A2S2 en A3.

Wanneer verwys word na A1, A2, VA en A3 is die ooreenstemmende assesserings in jaarmodules A1S1, A2S1, A1S2, A2S2, VAS1, VAS2 en A3.

2.1.3 Subminimum

Subminimum verwys na 'n minimum vlak van voltooiing en/of bevoegdheid wat in 'n module bepaal kan word. Geen subminimum kan teenstrydig wees met die reëls in hierdie dokument. Alle subminima moet duidelik in die moduleraamwerk van die module uiteengesit word.

2.1.4 Modules met hoë kredietwaarde

'n Module met 'n hoë kredietwaarde het 'n kredietlading soos in die tabel hier onder uiteengesit en wat 'n klastoets gebruik om 'n VA-punt te genereer (waar VA 'n hoofassessering is) (sien 2.1.5):

Jaar waarin die module aangebied word	Semestermodule	Jaarmodule
Eerste jaar	≥16 krediete	≥24 krediete
Tweede jaar	≥18 krediete	≥32 krediete
Derde jaar	≥24 krediete	≥32 krediete

2.1.5 Hoofassesserings

Hoofassesseringsgeleenthede is summatiewe assesseringsgeleenthede wat gewoonlik formeel geskeduleer word (of met geskeduleerde inhandigingsdatums) en wat voorbereiding vereis ten einde dit te voltooi.

In semestermodules word A1, A2 en A3 as hoofassesserings beskou.

In jaarmodules word A1S1, A2S1, A1S2, A2S2 en A3 as hoofassesserings beskou.

In die geval van modules wat **nie 'n hoë kredietwaarde het nie**, word VA nie as 'n hoofassessering beskou nie.

In die geval van modules **met 'n hoë kredietwaarde**, kan 'n klastoets egter gebruik word om 'n VA-punt te genereer. Dit is slegs in dié gevalle waar VA 'n hoofassessering is. In semestermodules met 'n hoë kredietwaarde en waar VA 'n klastoets is, het die module dus die volgende hoofassesserings: A1, A2, VA en A3 (of die ooreenstemmende assesserings in jaarmodules).

2.2 Tipes punte wat op SUNStudent aangeteken word

Ooreenkomstig met die US-asseseringsreëls word die volgende tipes punte op SUNStudent aangeteken (waar S1 en S2 onderskeidelik die eerste en tweede semester aandui en net van toepassing is op jaarmodules):

2.2.1 Punte vir A1, A1S1 en A1S2

A1-, A1S1- en A1S2-punte word in summatiewe assesserings bepaal gedurende die A1-tydperk in die onderskeie semesters.

2.2.2 Punte vir VA, VAS1 en VAS2 ("verdereassesseringspunte")

Daar is voorheen na AV verwys as VAS (verdere assessorings summatief).

Punte vir VA (semestermodules), VAS1 en VAS2 (die VA van semesters 1 en 2 in jaarmodules) word deur verdere summatiewe assesserings bepaal gedurende die doseertyd van die betrokke semester/jaar. VA verteenwoordig assesserings wat nie redelikerwys in A1 geakkommodeer kan word nie, bv. projekte of klein summatiewe assesserings gedurende gewone tutoriale periodes. Die punte van die komponente wat tot AV bydra, word gewoonlik via SUNLearn aan studente bekend gemaak.

Indien tutoriale toetse gebruik word om 'n tutoriale punt as VA te genereer, is die samestelling van die tutoriale punt onderworpe aan streng voorskrifte ten einde oorassessering te verhoed. Dit sluit die volgende reëls in:

- Die tutoriale toets moet in klastyd teen die einde van die turoriaal of lesing geskryf word.
- Die inhoud van die tutoriale toets moet slegs handel oor die werk wat in die turoriaal of lesing gedek is.
- Die gebruik van AV (en die bydrae daarvan tot die finale punt) moet by die moduleraamwerk ingesluit word.
- Die moduleraamwerk moet die implikasies van gebrekkige of geen deelname deur die student aandui.

In 'n semestermodule kan slegs een klastoets gebruik word om 'n VA-punt te genereer (net in die geval van modules met 'n hoë kredietwaarde). In 'n jaarmodule kan 'n maksimum van twee klastoetse gebruik word om 'n VA-punt te genereer (net in die geval van modules met 'n hoë kredietwaarde). **Indien 'n klastoets** gebruik word om 'n VA-punt te genereer (net in die geval van modules met 'n hoë kredietwaarde), verteenwoordig dit die AV-bydrae en kan verdere tutoriale toetse byvoorbeeld nie as VA gebruik word nie. In sodanige gevalle kan die tutoriale toetse net tot VAF (verdere assesseringsgeleenthede (formatief)) bydra (met ander woorde hulle dra nie by tot die berekening van die finale punt nie).

2.2.3 Punte vir A2, A2S1, A2S2 en A3

Daar is voorheen na A3 verwys as A3 en A3S2. Nou verwys A3 na beide A3's in semester- en jaarmodules.

A2, A2S1, A2S2 en A3-punte word uitsluitlik gedurende die onderskeie A2- en A3-assesseringstydperke bepaal. In die geval van jaarmodules word A3-punte uitsluitlik deur assesserings gedurende die tweede semester se A3-tydperk bepaal.

2.2.4 MJ-punte

MJ-punte is punte in die middel-van-die-jaar-punte vir jaarmodules; dit word hoofsaaklik bepaal deur A1S1-, A2S1- en VAS1-punte te gebruik.

2.2.5 Punte vir die Dekaansvergunningsassessering (DVA)

*Die DVA het voorheen bekend gestaan as die DVE
(Dekaansvergunningseksamen).*

DVA-punte word gedurende 'n dekaansvergunningsassessering bepaal en spesifieke reëls is van toepassing.

2.2.6 Punt tot op hede (PTH)

MTD word gebruik om studente vóór A2 (vir semestermodules) of A2S2 (vir jaarmodules) van hul status in te lig.

2.3 Tipes punte wat nie op SUNStudent aangeteken word nie

Bo en behalwe die tipes punte wat in die US-asseseringsreëls gedefinieer word, word die volgende tipes punte in hierdie Fakulteit gebruik:

2.3.1 VAF (Verdereasseseringsgeleentheid (formatief))

Indien geen VA-geleentheid verskaf word nie, moet VAF-geleentheid ingesluit word om studente die geleentheid te bied om hul bevoegdheids-/kennislak te bepaal.

VAF-geleentheid is formatiewe assesseringsgeleentheid waarvan die punte nie tot die berekening van die finale punt bydra nie, maar wat noodsaaklik is om terugvoer aan studente en dosente te verskaf oor die vordering in leer en onderrig in 'n module op 'n gegewe tyd. Die gebruik en doel van VAF moet in die moduleraamwerk ingesluit word. Die moduleraamwerk moet ook die implikasies van nienakoming ten opsigte van deelname en/of bevoegdheidsvlak aandui, indien van toepassing.

Modules kan voorskriftelik wees rakende die persentasie deelname en/of bevoegdheidsvlak wat die student moet behaal (hoewel dit met versigtigheid gebruik moet word). Die deelname- en/of bevoegdheidsvereistes kan toegepas word in gevalle waar studente se akademiese prestasie in die summatiewe assessering nie aan 'n minimum vlak voldoen nie, of waar 'n spesifieke leeruitkoms nie behaal word nie.

In alle modules waar 'n persentasie deelname en/of bevoegdheidsvlak gebruik word, is 'n uitpresteerklausule verpligtend. Die departement/skool kan die uitpresteerklausule van studente op grond van hul finale punte bepaal. Die uitpresteerklausule wat deur die departement/skool gestel word, **kan nie minder as 60 of meer as 70 wees nie**. Hierdie persentasies moet by die moduleraamwerk ingesluit word. Studente wat byvoorbeeld 'n finale put van meer as 65 behaal het en nie aan die bepaling ten opsigte van persentasie deelname en/of bevoegdheidsvlak voldoen nie, kan steeds slaag aangesien hulle hierdie bepalings uitpresteer het. Die voorsitter/direkteur kan die

uitsluiting van 'n uitpresteerklausule voor die aanvang van 'n module goedkeur. Die in- of uitsluiting van 'n uitpresteerklausule moet in die moduleraamwerk ingesluit word. (Let wel: Die dekaansvergunningsassessering kan nie gebruik word om aan die vereiste van die uitpresteerklausule te voldoen nie.)

3 TOELAATBARE ASSESSERINGSREËLS

3.1.1 Dosente van 'n module kan 'n assesseringsreëling kies wat:

3.1.1.1 die beste by die uitkomst en pedagogiese benadering pas wat vir die module geld.

3.1.1.2 aan al die vereistes van die EBW Voorgraadse Assesseringsreëls voldoen.

3.1.1.3 aan al die vereistes van die US-assesseringsbeleid en -reëls voldoen.

4 BEREKENING VAN FINALE PUNTE

4.1 Algemene bepalings

4.1.1 Modules kan enige van die formulerings vir finale punte hier onder gebruik sonder goedkeuring vooraf.

Let wel: Die US-assesseringreëls maak vir twee alternatiewe opsies voorsiening om punte te bereken. **Die Fakulteit pas slegs opsie 1 toe** (alle assesserings wat geskryf word, dra tot die finale punt by).

4.1.2 Die berekening van finale punte ooreenkomstig die formules hier onder kan outomaties deur SUNStudent gedoen word vanaf 2024. Dit is die rede waarom die assesseringskema wat vir elke module gebruik gaan word teen die voorafbepaalde datum in die voorafgaande jaar by die SUNStudent-ondersteuningsentrum ingedien moet word.

SUNStudent sal nie in staat wees om finale punte te bereken vir modules met hoë kredietwaardes wat verkies om 'n klastoets as VA te gebruik nie. In hierdie geval moet dosente die finale punte bereken en op SUNStudent laai.

4.1.3 Alle punte in die formules is uit 100, soos deur die US-assesseringsreëls vereis.

4.1.4 Indien 'n student nie 'n hoofassesseringsgeleentheid benut nie, word die gewig van daardie oorgeslane hoofassessering in die punteberekeningsformule hier onder tot nul verminder (en geen punt is behaal vir daardie assessering nie). In modules (wat nie hoë krediet modules is nie) sal die gewig van VA tel in die formule vir berekening van punte al het die student nie die VA voltooi nie. Let asb. daarop dat

'n minimum getal hoofassesserings voltooi moet word ten einde 'n geldige finale punt te behaal (verwys na 4.5.2).

- 4.1.5 Indien studente alle hoofassesserings tot en met en insluitend A2/A2S2 voltooi en nie daarin slaag om 'n finale punt van minstens 50 te behaal nie, kan hulle die A3-assessering gebruik om hul finale punt te verbeter. In hierdie geval kan 'n finale punt van meer as 50 egter nie toegeken word nie.
- 4.1.6 'n Student se finale punt ná A3 kan nie minder as die finale punt na A2/A2S2 wees nie.
- 4.1.7 Indien studente A3 gebruik waar sodanige geleentheid beskikbaar is omdat hulle 'n hoofassesseringsgeleentheid misgeloop het, kan 'n finale punt van meer as 50 toegeken word.
- 4.1.8 Indien 'n student 'n module gesak het met 'n berekende punt van minstens 30 – wat bereken is ooreenkomstig die formule ná A3 – moet die finale punt in veelvoude van 5 gelaai word.
- Indien 'n finale punt – wat bereken is ooreenkomstig die formule ná A3 – onder 30 is, word die werklike punt (wat tot die naaste heelgetal afgerond is) gelaai.
- 4.1.9 Indien 'n student nie 'n spesifieke uitkoms toon wat in die moduleraamwerk as 'n subminimum of slaagvereiste gestel word nie, mag die finale punt nie meer as 45 wees nie. Tipiese voorbeelde is waar studente nie 'n spesifieke taak – wat gekoppel is aan 'n besondere module-uitkoms in 'n module – bevredigend voltooi het nie, of waar studente nie aan die vereistes van professionele liggame voldoen het wat in die module geassesseer is nie.
- 4.1.10 Indien 'n student te min assesserings geskryf het om 'n finale punt te ontvang, soos in die onderafdelings hier onder aangedui, word geen finale punt aan daardie student toegeken nie en die resultaat as “sak” aangeteken. (Hierdie benadering vervang die vorige gebruik om “onvoldoende toegang” op SIS aan te teken wanneer 'n student te min assesserings voltooi het om 'n geldige finale punt te ontvang.)

In die hieropvolgende afdelings word formules verskaf vir die berekening van finale punt as geweegde gemiddeldes van verskeie ander punte.

4.2 Finale punt vir semestermodules

VA, A1, A2 en A3 verteenwoordig die punte (elk uit 100) wat deur studente behaal is in die ooreenstemmende assesserings, en die W-faktore die gewig wat aan die onderskeie assesserings toegeken is.

4.2.1 PTH vir semestermodules

PTH (MTD) is die student se punt soos bereken voor A2:

$$PTH = (W_{VA}/W_{som}) VA + (W_{A1}/W_{som}) A1$$

waar $W_{som} = W_{VA} + W_{A1}$

Geen PTH word toegeken indien 'n student nie A1 geskryf het nie.

Vir modules met hoë kredietwaardes word geen PTH toegeken indien 'n student nie VA of A1 geskryf het nie.

4.2.2 FP1 vir semestermodules

FP1 is die student se punt soos bereken na A2:

$$FP1 = (W_{VA}/W_{som}) VA + (W_{A1}/W_{som}) A1 + (W_{A2}/W_{som}) A2$$

waar W_{som} die som is van die W-faktore vir die assesserings wat deur die student geskryf is. Indien W_{som} minder as 1 is, moet W_{som} vermeerder word tot 1 om in die formule gebruik te word.

FP1 word slegs toegeken indien 'n student:

- A2 en A1 geskryf het of,
- in die geval van modules met hoë kredietwaardes, A2 en minstens A1 óf VA geskryf het.

(D.i. 'n minimum van twee hoofassesserings is gebruik.)

4.2.3 FP2 vir semestermodules

FP2 is die student se finale punt soos bereken na A3:

$$FP2 = (W_{VA}/W_{som}) VA + (W_{A1}/W_{som}) A1 + (W_{A2}/W_{som}) A2 + (W_{A3}/W_{som}) A3$$

waar W_{som} die som is van die W-faktore vir die assesserings wat deur die student geskryf is. Indien W_{som} minder as 1 is, moet W_{som} tot 1 vermeerder word vir gebruik in die formule.

FP2 word slegs toegeken indien 'n student

- minstens twee hoofassesserings geskryf het of,
- in modules met hoë kredietwaardes, minstens twee hoofassesserings én A2 óf A3 geskryf het.

(D.i. 'n minimum van twee hoofassesserings is gebruik.)

FP = maksimum (FP1, FP2).

4.3 Finale punte vir jaarmodules

A1S1, A2S1, A1S2, A2S2, VAS1, VAS2 en A3 verteenwoordig die punte (elk uit 100) wat deur studente behaal is in die ooreenstemmende assesserings of kombinasie van assesserings, en die W-faktore die gewig wat aan die onderskeie assesserings toegeken is.

4.3.1 PTH vir jaarmodules

PTH is 'n student se punt soos bereken voor A2S2:

$$PTH = (W_{VAS1}/W_{PTH}) VAS1 + (W_{A1S1}/W_{PTH}) A1S1 + (W_{A2S1}/W_{PTH}) A2S1 + (W_{AFS2}/W_{PTH}) AFS2 + (W_{A1S2}/W_{PTH}) A1S2,$$
 waar W_{PTH} die som is van die W -faktore vir die assesserings wat deur die student geskryf is.

4.3.2 FP1 vir jaarmodules

FP1 is 'n student se punt soos bereken na A2S2:

$$FP1 = (W_{PTH}/W_{som}) PTH + (W_{A2S2}/W_{som}) A2S2,$$
 waar $W_{som} = W_{PTH} + W_{A2S2}$. As W_{som} minder as 1 is, moet W_{som} tot 1 vermeerder word vir gebruik in die formule.

FP1 word slegs toegeken indien 'n student:

- minstens twee van die volgende drie assesserings geskryf het, nl. A1S1, A2S1, A1S2. Dit is bo en behalwe A2S2 wat die student ook geskryf het, of
- in die geval van modules met hoë kredietwaardes, indien 'n student minstens twee van die volgende vyf assesserings geskryf het, nl. A1S1, A2S1, A1S2, VAS1, VAS2. Dit is bo en behalwe A2S2 wat die student ook geskryf het.

(D.i. 'n minimum van drie hoofassesserings moet gebruik word.)

4.3.3 FP2 vir jaarmodules

FP2 is 'n student se punt soos bereken na A3:

$$FP2 = (W_{PTH}/W_{som}) PTH + (W_{A2S2}/W_{som}) A2S2 + (W_{A3}/W_{som}) A3,$$
 waar $W_{som} = W_{PTH} + W_{A2S2} + W_{A3}$ indien die student A2S2 en A3 geskryf het, of $W_{som} = W_{PTH} + W_{A3}$ indien die student A3 en nie A2S2 geskryf het nie.

Indien W_{som} minder as 1 is, moet W_{som} tot 1 vermeerder word om in die formule gebruik te word.

FP2 word slegs toegeken indien 'n student

- minstens drie hoofassesserings geskryf het waarvan minstens een A2S2 óf A3 is, of
- in die geval van modules met hoë kredietwaardes, minstens twee van die volgende vyf assesserings geskryf het, nl. A1S1, A2S1, A1S2, VAS1 en VAS2. Dit is bo en behalwe die feit dat die student ook minstens een van óf A2S2 óf A3 geskryf het.

(D.i. 'n minimum van drie hoofassesserings moet gebruik word.)

Finale punt = maksimum (FM1, FM2).

4.3.4 MJ-punt

Die MJ-punt word soos volg bereken:

$MJ = (W_{AFS1}/W_{som}) VAS1 + (W_{A1S1}/W_{som}) A1S1 + (W_{A2S1}/W_{som}) A2S1$,
 waar W_{som} die som is van die W -faktore vir die assesserings wat deur die student geskryf is.

MJ word slegs toegeken indien 'n student minstens A1S1 óf A2S1 geskryf het.

4.4 Beperkings op gewigte in die formules van finale punte

Hierdie afdeling verskaf die beperkings op die relatiewe gewigte waaraan elke module moet voldoen.

4.4.1 Beperkings op gewigte: Semestermodules

Let wel: Die som van die gewigte van A1, VA en A2 moet gelyk wees aan 1.

4.4.1.1 $W_{A1} \leq 0.4$

4.4.1.2 $W_{VA} \leq 0.3$ indien VA uit 'n enkele assessering bestaan

4.4.1.3 $W_{va} \leq 0.2$ indien VA 'n gekombineerde tutoriale punt is bestaande uit tutoriaal toetse

4.4.1.4 $0.4 \leq W_{A2} \leq 0.6$

4.4.1.5 $0.4 \leq W_{A3} \leq 0.6$. A2 en A3 hoef nie dieselfde gewig te hê nie, maar die gewig van A3 moet gelyk aan of groter wees as die grootste gewig van die ander hoofasseseringsgeleenthede.

4.4.2 Beperkings op gewigte: jaarmodules

Let wel: Die som van die gewigte van A1S1, VAS1, A2S1, A1S2, VAS2 en A2S2 moet gelyk wees aan 1.

4.4.2.1 $0.0 < W_{A1S1} \leq 0.2$

4.4.2.2 $W_{AFS1} + W_{VAS2} \leq 0.3$ indien elke VA uit 'n enkele assessering per semester bestaan

4.4.2.3 $W_{VAS1} + W_{VAS2} \leq 0.2$ indien elke VA 'n gekombineerde tutoriale punt is bestaande uit tutoriaal toetse

4.4.2.4 $0.2 \leq W_{A2S1} \leq 0.3$

4.4.2.5 $0.2 \leq W_{A1S2} \leq 0.3$

4.4.2.6 $0.2 \leq W_{A2S2} \leq 0.4$

4.4.2.7 $0.2 \leq W_{A3} \leq 0.4$. A2S2 en A3 hoef nie dieselfde gewig te hê nie, maar die gewig van A3 moet gelyk aan of groter wees as die grootste gewig van die ander hoofasseseringsgeleenthede.

Die enigste uitsondering op die bogenoemde reël is wanneer A3 gebruik word omdat die student twee hoofasseseringsgeleenthede misgeloop het. In hierdie geval word die gewig van A3 bereken as die som van die gewigte van die twee gemiste hoofasseseringsgeleenthede.

4.5 Slaagvereistes

- 4.5.1 'n Geldige finale punt van minstens 50 word vir alle modules vereis om te slaag.
- 4.5.2 Om 'n geldige finale punt te behaal, moet 'n student:
 - 4.5.2.1 Minstens een van A2/A2S2 óf A3 voltooi en
 - 4.5.2.2 minstens twee hoofassesseringsgeleenthede vir semester-modules voltooi, of minstens drie hoofassesserings-geleenthede vir jaarmodules voltooi en
 - 4.5.2.3 aan enige vereistes wat in Afdelings 2.3.1 en 4.1.9 gestel word, voldoen. Hierdie vereistes moet ook in die moduleraamwerk uiteengesit word.
- 4.5.3 Indien studente nie 'n geldige finale punt behaal nie, sak hulle die module.

5 GEBRUIK VAN EN TOEGANG TOT ASSESSERINGS

- 5.1.1 Studente moet daarop let dat die US-assesseringsreëls bepaal dat die besluit om van 'n assesseringsgeleentheid gebruik te maak, onomkeerbaar is wanneer die student die lokaal vir daardie assessorings betree het, of aanlyn met die assessorings begin het. Vir so 'n assessorings sal 'n punt bepaal word wat gebruik sal word om die student se finale punt te bereken ooreenkomstig die toepaslike assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit of -sentrum. Selfs indien studente siek word terwyl hulle die assessorings skryf, moet die assesserings ingehandig word. Hierdie assesserings sal nagesien word en die punte wat behaal word, sal gebruik word om die finale punte te bereken. Dit word dus aanbeveel dat, indien studente net voor 'n assessorings siek voel, hulle dit ernstig oorweeg om nie daardie spesifieke assessorings te skryf nie.
- 5.1.2 Finalejaarstudente wat, ongeag die rede, in die A3-tydperk in November van 'n assessorings in 'n module gebruik maak, kan nie 'n kwalifikasie ten tye van die Desember-gradeplegtighede van daardie jaar ontvang indien die kwalifikasie die spesifieke module vereis nie. Die vroegste wat die student die kwalifikasie kan ontvang, is in Maart of April van die volgende jaar.
- 5.1.3 Studente wat nie van 'n assesseringsgeleentheid gebruik maak nie, moet daarop let dat geen assesseringsgeleentheid voorsien sal word om 'n assesseringsgeleentheid te vervang wat normaalweg in daardie module aangebied word, ongeag 'n student se omstandighede. Die US-assesseringsreëls bepaal dat, selfs indien omstandighede buite 'n student se beheer die student verhoed om 'n assesseringsgeleentheid te benut (bv. mediese redes, godsdienstige oorwegings, ongelukke,

internasionale sportgeleenthede, ens.), geen addisionele asseseringsgeleenthede aan die student gebied sal word om die geleentheid te vervang wat hy/sy nie benut het nie.

- 5.1.4 Bykomend tot nasionale openbare vakansiedae waartydens die Universiteit vir sake gesluit sal wees, sal geen asseserings op spesifieke godsdienstige en kulturêle dae soos in die SU almanak geskeduleer word nie. Dit beteken daar sal geen asseseringsinhandiging, tutorial toetse of enige ander assesering op hierdie dae of die vorige aand geskeduleer word nie.
- 5.1.5 Alle studente het toegang tot alle asseseringsgeleenthede voor A3.
 - 5.1.5.1 Aan studente wat na afloop van die A2/A2S2-assesering van 'n module slaag, sal nie toegang tot die A3-assesering verleen word nie, behalwe in modules waar studente 'n hoofasseseringsgeleentheid voor A3 misgeloop het. Studente wat A3/A3S2 in hierdie manier wil gebruik moet die registrateurskantoor in kennis stel van hulle bedoeling om dit te doen binne 48uur nadat die finale A2/A2S2 punte gepubliseer is.
 - 5.1.5.2 Die gebruik van A3 vir puntverbeteringsdoeleindes ten einde tot nagraadse programme toegelaat te word, is 'n departementele saak.
 - 5.1.5.3 'n Student benodig 'n **geldige** finale punt om aan voorvereistes te voldoen (bv. 'n student wat net een hoofassesering voltooi, kan 'n punt van 40 behaal, maar sal steeds nie aan die voorvereistes voldoen nie omdat die punt nie 'n geldige finale punt is nie).

6 INLIGTING OP SUNLEARN EN IN MODULERAANWERKE

Soos deur die US-asseseringsreëls bepaal, sal:

- 6.1.1 die Fakulteit se asseseringsreëls geredelik aan studente en personeel beskikbaar wees op die Fakulteit se webtuiste en op SUNLearn.
- 6.1.2 die manier waarop die EBW-asseseringsreëls in elke module geïmplementeer word, aan die begin van die relevante semester of jaar aan studente bekendgemaak word deur middel van die moduleraamwerk. Hierdie inligting sluit die volgende in:
 - 6.1.2.1 watter subminimum in die module toegepas sal word, indien van toepassing,
 - 6.1.2.2 hoe die finale punte bepaal sal word,
 - 6.1.2.3 watter asseseringstydperke gebruik sal word en
 - 6.1.2.4 watter asseserings verpligtend is.

6.1.3 In hierdie Fakulteit moet die volgende bykomende inligting rakende die berekening van finale punte in die moduleraamwerk verstrek word:

6.1.3.1 die asseseringsgeleenthede wat tot die finale punte sal bydra.

6.1.3.2 die gewigte wat aan die verskillende komponente toegeken sal word in die finale punt.

6.1.3.3 die werk wat deur elke assesering gedek sal word.

7 DEKAANSVERGUNNINGSSASSESERINGS

Die riglyne vir die dekaansvergunningseksamen (DVAs) is uiteengesit in die fakulteitsjaarboek en moet saam met die US-asseseringsreëls gelees word.

Die DVA is apart van die fakulteit se Asseseringsreëls. DVAs moet intern en ekstern gemodereer word.

8 ANDER FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

8.1 Werk wat deur elke assesering gedek word

A1 dek die werk wat tot A1 gedoen is. Normaalweg dek A2 al die werk van die hele semester, maar dit kan meer klem lê op die werk wat ná die eerste assesering gedoen is. A3 dek óf die hele semester se werk min of meer in gelyke mate óf, afhangende van die aard van die module, lê dit meer klem op die werk wat ná A1 gedoen is

8.2 A2/A2S2- en A3-asseserings wat uit meer as een asseseringssessie bestaan

8.2.1 In sommige modules bestaan 'n hoofassesering uit meer as een asseseringsvraestel en moet dit in meer as een asseseringstydgleuf voltooi word.

8.2.2 Indien 'n asseseringsvraestel vir welke rede nie voltooi is nie, sal die volgende reëls geld:

8.2.2.1 Die punt wat behaal is vir die vraestel wat gedurende die hoofasseseringsgeleentheid geskryf is, sal behou word.

8.2.2.2 In die geval van die vraestel wat nie gedurende die hoofasseseringsgeleentheid geskryf is nie, sal 'n persentasiepunt toegeken word wat gelyk is aan die gekombineerde punt wat behaal is vir vraestel 1 en vraestel 2 wat gedurende A3 geskryf is. Dit is belangrik om daarop te let dat die betrokke student beide A3-vraestelle moet voltooi om vir hierdie modus operandi te kwalifiseer.

8.2.2.3 In die geval van 'n jaarmodule waar 'n student nog 'n asseseringsgeleentheid/-hede gedurende die jaar misgeloop

het – en dit kan deur die punt wat in A3 behaal is, aangevul word – sal die punt vir die gemiste assesseringsgeleentheid/-hede wat in die formule gebruik word, die gekombineerde punt wees wat in vraestelle 1 en 2 in A3 behaal is. Dit is belangrik om daarop te let dat die betrokke student beide A3-vraestelle moet voltooi om vir hierdie modus operandi te kwalifiseer.

8.3 Aanteken en verspreiding van punte

- 8.3.1 Die US-asseseringsreëls bepaal dat SUNStudent studente toegang sal verleen tot hul eie finale punte, asook punte vir A1, VA, A2, A3, DVA, en MJ en die ooreenkomstige punte vir jaarmodules. Departemente moenie hierdie punte op 'n ander wyse aan studente bekend maak nie ten einde (onder meer) die moontlikheid van teenstrydige inligting te vermy.
- 8.3.2 Die US-asseseringsreëls bepaal dat departemente wat modules aanbied, verantwoordelik is om die volgende inligting rakende elke student wat vir die module geregistreer het, op SUNStudent aan te teken: finale punt, asook punte vir A1, VA, A2, A3, DVA en MJ (soos toepaslik) en die ooreenstemmende punte vir jaarmodules. In gevalle waar SUNStudent egter finale- en MJ-punte kan bereken, kan departemente slegs die ooreenstemmende punte op SUNStudent aanteken in gevalle waar afwykings van SUNStudent se berekenings nodig is.
- 8.3.3 Die punte van assesserings wat tot VA kan bydra (indien VA uit tutoriale toetse bestaan) behoort aan studente bekend gemaak te word via SUNLearn. Die US-asseseringsreëls bepaal dat elke student se punte net aan daardie student bekend gemaak sal word indien redelikerwys moontlik. In die geval van lyste punte waar studente mekaar se punte kan sien, behoort studente slegs aan hul studentennommers geïdentifiseer te word en moet studente se name en vanne nie vertoon word nie.

8.4 Veilige bewaring van nagesiene antwoordskrifte

- 8.4.1 Dosente moet die nagesiene antwoordskrifte van A2, A2S2, A3 en DVA vir 'n tydperk van minstens een semester bewaar nadat die assesserings plaasgevind het. Let daarop dat dit moontlik is dat professionele akkreditasievereistes bepaal dat nagesiene antwoordskrifte vir 'n langer tydperk bewaar word. Die nagesiene antwoordskrifte van ander assesserings word normaalweg aan studente teruggegee.
- 8.4.2 Indien studente van hulle foute wil leer, mag hulle na die antwoordskrifte van A2, A2S2 en A3 kyk en dit bespreek met die relevante dosent. Die doel hiervan is vir studente om van hulle foute te leer, en vir die dosent om te verseker dat geen optelfoute gemaak is nie.

Dit is nie 'n geleentheid vir die student om punttoekenning te bevraagteken nie. Sien 6.5.1 in die US-asseseringsreëls vir die bepalings vir die besigtiging van A1, A2S2 en A3 antwoordskrite.

8.5 Herberekening van finale punte en die herevaluering van A2, A2S2 en A3 antwoordskrite

- 8.5.1 'n Student wat 'n module sak en van die opinie is dat hul punt nie korrek bereken is nie mag aansoek doen om die spesifieke module se finale punte te **herbereken** gegewe die bepalings in afdeling 8 van die SU-asseseringsreëls.
- 8.5.2 'n Student wat 'n module sak en van die opinie is dat hul punt vir A2, A2S2 en A3 asseserings nie korrek is nie, mag aansoek doen vir **herevaluering** van die relevante A2, A2S2 en/of A3 antwoordskrite gegewe die bepalings in afdeling 8 van die SU-asseseringsreëls.

8.6 Riglyne vir strafmaatreëls vir laat inhandiging

- 8.6.1 Die volgende reëls geld rakende die maksimum strafmaatreëls wat toegelaat word vir die laat inhandiging van geskrewe projekte of VAS-werkstukke:
- 8.6.1.1 Tot 1 uur ná die inhandigingstyd: 25% van die punt wat gegee is,
- 8.6.1.2 Meer as 1 uur en tot 6 ure ná die inhandigingstyd: 50% van die punt wat gegee is,
- 8.6.1.3 Meer as 6 ure en tot 24 uur ná die inhandigingstyd: 75% van die punt wat gegee is,
- 8.6.1.4 Meer as 24 uur ná die inhandigingstyd: 100% van die punt wat gegee is.
- 8.6.2 Omgewings word toegelaat om meer toegeeflike strafmaatreëls toe te pas. Indien strafmaatreëls vir laat inhandiging toegepas word, moet dit duidelik in die moduleraamwerk uiteengesit word. Die moduleraamwerk moet dit verder duidelik stel of laat inhandigings toegelaat sal word.

8.7 Moderering

- 8.7.1 Die fakulteit belyn alle moderering praktyke met die US-asseseringsreëls en die Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae.
- 8.7.2 Minstens 40 persent van die prestasiepunt van die module is onderworpe aan interne moderering en in die geval van 'n uittreevlak-module moet ten minste 40 persent van die prestasiepunt ook ekstern

gemodereer word. Hoofassesseringsgeleenthede se antwoordstelsel sal tipies hierby ingesluit word (bv. A2 in die geval van 'n semestermodule of bv. A2S1 en A2S2 in 'n jaarmodule).

- 8.7.3 Alle finale punte vir uittreevlak-modules in die tweede semester (en jaarmodules) moet ekstern gemodereer om te verseker dat studente kan gradueer. Daarom word dit aanbeveel dat A3 nie gebruik word as die ekstern gemodereerde assessering nie, maar eerder A1, AF en/of A2 en die ooreenkomstige punte vir jaarmodules.

8.8 Kopiereg op vraestelle

Die Universiteit Stellenbosch besit die kopiereg op die inhoud van US-toetse, eksamens en -kursusse wat deur US-personeel en -studente geskep is. Enige gebruik en verspreiding van inhoud wat US se eiendom is sonder die nodige magtiging, is 'n oortreding van US se intellektuele eiendomsreg. 'n Verdere oortreding is wanneer hierdie inhoud beskikbaar gestel word aan en/of gebruik en versprei word deur derde partye vir kommersiële gewin sonder die vereiste institusionele magtiging.

Alle vraestelle vir hoof- summatiewe assesserings moet die volgende stelling (met die huidige jaartal daarop) in die voetnoot van die voorblad insluit:

Kopiereg © 2023 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Assesseringsmateriaal is onderworpe aan sekere lisensiëringsvoorwaardes. Studente kan die materiaal slegs gebruik vir hul eie privaatstudie aan die Universiteit en nie vir enige ander doeleindes nie. Gedrukte en/of elektroniese materiaal word ook net beskikbaar gestel vir assesseringsdoeleindes, klasbespreking, privaatstudie en navorsingsdoeleindes. Verdere reproduksie of verspreiding van sodanige materiaal is streng verbode.

BYLAAG A: 'N VERWYSINGSGIDS VIR DIE US ASSESSERINGSREËLS IN DIE ALGEMENE KALENDER (DEEL 1)

Let daarop dat die EBW Assesseringsreëls saam met die US Assesseringsreëls in die Algemene Kalender (Deel 1) gelees moet word.

Onderwerk	US Assesseringsreëls
Roosterbotsings in A2 en A3	6.1.4, 6.1.5
Studente wat 'n module geslaag het na A2/A2S2, maar steeds van die A3 geleentheid wil gebruik maak omdat hul 'n hoofassseringsgeleentheid misgeloop het	6.2.9
Die besluit om van 'n assessering gebruik te maak is onomkeerbaar nadat die student die lokaal binnegegaan het	6.2.10
Aantekening van finale punte	6.4
Oorweging van godsdienstige dae	6.7